Laerskool Bloemfontein

Goeie waardes maak ons 'n Wenskool.

Webblad: lsbfn.com Besoek ons op facebook: Laerskool Bloemfontein

NUUSBRIEF 1 **2019/01/10**

ONS IS N WAARDE GEDREWE SKOOL

Uit die kantoor

Beste Ouers,
Baie welkom terug na 'n lekker vakansie en feesseisoen. Ek hoop elkeen van u het lekker gerus en sien uit na 'n goeie jaar by Bloemies. Elke jaar bied sy eie nuwe uitdagings. Vanjaar gaan dit nie anders wees nie.

Tesame met uitdagings is daar ook altyd al die mooi wat by 'n skool gebeur. Ek hoop regtig dat elke kind vanjaar tot sy volle potensiaal op akademiese-, sport- en kultuurgebied sal ontwikkel. Ons praat ook baie oor waardes en watter waardes ons graag by ons kinders sal wil hê. Om dit te bereik het ons elke ouer se samewerking nodig. Ons as ouers het die verpligting om toe te sien dat ons kinders se waardesisteem reg is. Wees vanjaar betrokke by jou kind se opvoeding deur 'n betrokke ouer te wees. As 'n skool wil ons as onderwysers graag 'n omgewing skep, waar al ons kinders gelukkig kan wees. Daarom is dit belangrik dat daar 'n beleid van geen grasie vir afknouers by die skool moet wees. Tesame daarmee gaan respek teenoor myself, my maats en my onderwysers.

Kom ons maak vanjaar 'n goeie jaar deur net die beste vir ons kinders te doen. Sterkte vir die jaar.

Groete. Gerdus

Belangrik!!

Ouers en kinders…
Ons gee graag aan ons ouers en ons leerders die reëls rondom ons leerders se voorkoms deur. Kom ons leer ons kinders om respek vir hulleself en hulle voorkoms te hê.

* Geen tekkies word saam met formele skooluniforms gedra nie.
* Die haarlinte, rekkies en bolletjies vir die dogters se hare moet in skooldrag-kleure wees, nl. Navy of Jade. Die kleure van 'Alice bands' wat gedra word, is Navy of Jade.
* Die haarrekkies, bolletjies en knippies moet eenvoudig wees. Geen blomme, vlinders, ensovoorts, word toegelaat nie.
* Geen naellak, kleurloos of gekleurd, of grimering word toegelaat nie. Naels moet ook 'n netjiese lengte hê – nie oor die vingerpunte nie.
* Geen hangertjies of armbande, behalwe Medic Alert, word toegelaat nie. Een paar goue of silwer oorringe of bolletjies ('studs') word uitsluitlik vir dogters toegelaat. Geen gekleurde steentjies, blommetjies, diertjies, ensovoorts, word toegelaat nie.
* Hare wat oor die dogters se krae hang, moet in poniesterte of vlegsels vasgemaak word. Slegs 1 of 2 poniesterte is toelaatbaar. Geen kleursel of vreemde haarstyle nie.
* Seuns moet kort haarkante en agterkante hê, 'n kort netjiese kuif weg uit die oë uit. Geen permanente golwing ('perm'), kleursel of stileringprodukte of vreemde haarstyle nie. Hare moet geleidelik langer word boontoe. Geen come-over, paadjies, blitse of sterre wat ingesny word nie.

Ouers help ons om ons kinders netjies te hou en dat ons lewe volgens ons skool se waardes.

Tydens die eerste kwartaal dra ons die sporthemp en -broekie op Maandag, Dinsdag, Woensdag en Donderdag. Vrydag, is ons akademiese dag en verwag ons dat ons kinders hulle akademiese drag sal dra. Ons moet trots wees op ons skool en onsself.

Ons verwag dat ons kinders die regte skooldrag sal dra asb.

SEUNS: Grys kortbroek, grys kortmouhemp (oopslaan kraag), lang grys kouse met jade streep en swart skoolskoene.

DOGTERS: Jade skoolrok, wit kortmouhemp (oopslaan kraag) kort, wit kouse en swart skoolskoene Hare: Slegs 1 of 2 poniesterte. Silwer, bruin of swart knippies. Navy of jade rekkies of linte.

Ons skool se waardes is:
Respek, Eerlikheid, Lojaliteit en Uitnemendheid.

Hierdie kwartaal se tema is Respek!

- Ons staan op vir ouer mense en ons groet vriendelik.
- Ons kyk iemand in die oë as ons met hulle praat.

Daar is 'n gesegde wat sê:
Respect is earned.
Honesty is appreciated.
Trust is gained.
Loyalty is returned.
Kom ons Bloemies vat hierdie jaar hande en maak dit 'n GROOT jaar.

Groete, Juf. Carin

BELANGRIK!!!

INLIGTINGSAAND EN OUERBRAAI

vind plaas **Dinsdag, 15 Januarie om 17:30.** Ons kom almal **eers in die saal** bymekaar vir algemene inligting. Daarna verdeel ons na die registerklasse om inligting te kry wat betrekking het op daardie spesifieke ouderdomsgroep. Dan braai ons op die grasnetbalbane.

- **Ouers moet eie vleis en drinkgoed saambring.**
- **Skool voorsien braaiers en vuur.**

Woon die inligtingsaand by en wees 'n ingeligte ouer!!

Bloemies Bid

Ons wil almal hartlik welkom heet aan die begin van hierdie nuwe skooljaar. Mag ons as 'n Bloemie-gemeenskap God se nabyheid, liefde en trou ervaar!

Neem my juk op julle en leer van My, want Ek is sagmoedig en nederig van hart en julle sal rus vind vir julle siele; want my juk is sag en my las is lig.
Mattheus 11: 29-30

Twee monnike was op reis en kom by 'n rivier. Daar was 'n vrou wat nie die rivier kon oorsteek nie. Die een monnik het geweier om haar te help op grond van hulle streng reëls wat hulle verbied het om aan 'n vrou te raak. Die ander monnik het die vrou opgetel en deur die rivier geloop.

Toe hulle by hul bestemming kom het die onhulpvaardige monnik sy maat ernstig aangespreek omdat hy die reëls gebreek het.

Die hulpvaardige monnik het toe gesê dat hy nie verstaan wat die probleem is nie, want hy het die vrou twee ure gelede neergesit, terwyl die ander monnik haar steeds gedra het.

Is dit nie tyd vir ons om ons laste neer te sit nie? Nee , tyd om dit op die skouers van Hom wat sterker is te sit! **Sy naam is Jesus.**

Ons staan aan die begin van 'n nuwe jaar. Kom ons gee ons laste vir Jesus en neem Sy las en juk op ons!

Ons is hier om vir elkeen te bid en vra elkeen om ook saam met ons vir ons skool en sy mense te bid.

Onthou asb. van die grys gebedspos-bussie in die kantoor by Lee-Ann. Neem asb. vrymoedigheid om u versoeke daarin te gooi. Alle seën en voorspoed vir elkeen verbonde aan Laerskool Bloemfontein tydens 2019.

Kontak asb. een van die volgende ouers:

Ena Nagel	**0724407992**
Riette v Staden	**0748431303**
Ettienne v Staden	**0742296709**

LEWE VOLUIT,
MAAK 'N VERSKIL!!

RESPEK EERLIKHEID LOJALITEIT UITNEMENDHEID

STUDIE OUERS

Indien u in 2019 wil gebruik maak van die toesigklas, kan u toelatingsvorms by tannie Net of tannie Annatjie kry.

SELECTIVE HAIR & EXTENSIONS

Skakel of whatsapp nou vir jou afspraak!!

***Wendy – 071 467 2722**

SKOOLFONDS

'n Baie groot dankie aan elke ouer wat reeds hulle skoolgeld betaal het.

Skoolgeld vir 2019 beloop R660 per leerder per maand.

SKAAK

Skaakoefeninge begin 24 Januarie om 14:00 tot 15:00, Donderdag middae net na skool by die RO-klas. Ou ligaspelers en voornemende ligaspelers moet kom daagwedstryde speel vir 'n plek in die ligaspan. Beginners van alle ouderdomme is ook welkom. Kontak juf. Marita de Kock vir enige navrae. Daar is geen koste aan verbonde nie!!

KUNS- & KREATIWITEITSKLASSE

Gr. 1, 2 en 3 op Dinsdae
Gr. 4, 5, 6 en 7 op Woensdae
Tyd: 13:50 – 15:00

Grapkas

Juffrou gee vir die klas 'n Wiskunde toetsie. Jannie vul soos volg in:

1 + 5 = Jesus;
4 + 3 + Jesus;
5 + 2 = Jesus… ens.

Toe juffrou die toetse uitdeel vra sy Jannie uit oor sy toets. Jannie sê: "Juffrou, ons was Sondag in die kerk en oom Dominee het gesê: Jesus is die antwoord op al jou probleme."

Bennie se tweede dag op skool. Tot sy ma se verbasing is hy tienuur die oggend al terug by die huis… "Waarom is jy nou al terug?" vra sy ma. "Die meneer en die juffrou het gaan braai," sê Bennie. "Gaan braai op 'n Dinsdagoggend wanneer hulle moet werk? Hoe weet jy dit?" vra sy ma. "Meneer het vir juffrou oor die intercom geroep en gesê sy moet haar rooster bring. Toe kom ek maar huistoe, want ek weet hoe lank vat 'n braai!"

Hoekom slaap Koos van der Merwe die aand voor die rugbywedstryd in 'n spookhuis? **Die afrigter het gesê hulle moet probeer om gees te vang.**

OUERKOMITEE

Doel:

Fondsinsamelings regdeur die jaar ten bate van die skool om verbeterings aan te bring waar ookal dit nodig gevind word.

Vergaderings:

Hou gerus hierdie spasie dop om aan te dui wanneer die eerste Ouerkomitee-vergadering gaan plaasvind. Hiermee nooi ons byvoorbaat alle ouers om betrokke te raak. Elkeen se "input" is vir ons baie belangrik en ons dra elkeen se belange op die hart.

GELUKWENSING!!

Hartlik geluk aan elke personeellid, ouer en leerder wat gedurende Januarie verjaar. Alles wat mooi, goed en geseënd is vir julle nuwe lewensjaar!

WELKOM TERUG

Aan ons Bloemie-gemeenskap! Kom ons vat sommer van die begin af hande en ondersteun mekaar sodat ons trots kan wees op ons skool en sy leerders.

VOORSPOED vir 2019

Mag alles wat aangepak word met sukses voltooi word. Sterkte met al die nuwe uitdagings, die vreemde en onbekende wat voorlê.

Onthou:

LIEFDE maak ons tyd saam met ons familie en vriende spesiaal.
VREUGDE maak ons harte ligter.
GELOOF maak ons pad duideliker.
HOOP maak ons lewe helderder. **VREDE** bring ons nader aan mekaar.

GEBED VIR DIE JAAR

Dear God,
As the new School Term Begins, please watch over our kids, keep them safe and surround them with people who will encourage them to live for YOU. Thank You for our teachers, bless them and give them strength. **AMEN**

GEDAGTE VIR DIE JAAR

May the new year bring you an abundance of amazing opportunities, beautiful moments and joyful experiences.
May your positive actions and attitude inspire others.
May you be brave enough to take on and overcome rewarding challenges.
May you find yourself in high spirits and excellent health.
May you love with all your heart and find peace in even the most turbulent of times.
May the love you give always find it's way back to you multiplied and may you forever be filled with the hope and strength necessary to make your dreams a reality.

BUSGELD

Daar is nie beurse vir busgeld nie, vereffen asb. u rekening voor of op die 7de van elke maand.



VCSV

Teksvers van die maand

EFESIëRS 3:18

"Mag julle in staat wees om saam met al die gelowiges te begryp hoe wyd en ver en hoog en diep die liefde van Christus strek."

VCSV-TAKKAMP

Die VCSV-Takkamp vind plaas op:
25 en 26 Januarie 2019 te Mooigenoeg Kampterrein.
Die koste beloop R150.
Sluitingsdatum vir inskrywings is 21 Januarie 2019.
Vorms met betaling kan by mev. Klopper ingehandig word.

WATERKASKANADES

Datum:
8 Februarie 2019

Spaar nou al jou geld, want hierdie mag jy nie mis nie!! Leerders sal 'n borgvorm ontvang waarop hulle, hulle geld kan insamel.

Kennisgewings

Donderdag, 10 Januarie
Mnr. Vaatjie verjaar!!
Skool kom 12:00 uit vir die Gr. 1's.
Skool kom 13:50 uit vir Gr. 2 - 7

Vrydag, 11 Januarie
Skool kom 12:00 uit vir die Gr. 1's.
Skool kom 13:50 uit vir Gr. 2 – 7

Sondag, 13 Januarie
Mnr Japie en Juf. Elsje verjaar!!

Maandag, 14 Januarie
Skool kom 12:00 uit vir die Gr. 1's.
Skool kom 13:50 uit vir Gr. 2 – 7

Dinsdag, 15 Januarie
Skool kom 12:00 uit vir die Gr. 1's.
Skool kom 13:50 uit vir Gr. 2 – 7
Ouerbraai 17:30 – 20:00 (Skool verskaf die vure. Bring u eie piekniekmandjie en kom kuier gesellig saam.)

Woensdag, 16 Januarie
Skool kom 12:00 uit vir die Gr. 1's.
Skool kom 13:50 uit vir Gr. 2 – 7

Donderdag, 19 Januarie
Skool kom 12:00 uit vir die Gr. 1's.
Skool kom 13:50 uit vir Gr. 2 – 7

LEERDERRAAD SE GEDAGTE

In Eksodus 23:20 staan daar:
"Ek, die Here, stuur 'n engel voor jou op die pad om jou te beskerm…" As ons hierdie versie lees – besef ons dat ons eintlik vir niks hoef bang te wees nie, want God is by ons elke sekonde van elke dag.